# Bio-Blog

Desember 2021/
Januarie 2022

**Om aandeelhouers van die RBX Groep op hoogte te hou**

## ʻn Terugflits op 2021 | Feestelike Groete

Soos ons weer die feesseisoen nader, is River Bioscience in sy besigste tyd van die jaar en XSIT is ʻn 24 uur, 365 dae per jaar toewyding, so dit is nie maklik vir ons personeel om ʻn aansienlike breek te kry nie, selfs in normale tye.

2021 was ʻn moeilike jaar en alles behalwe normaal. Na die ongekende gebeure van 2020 het baie daarna uitgesien om dit alles agter ons te plaas soos ons in 2021 ingegaan het. Ongelukkig, het die deurlopende effek van die Korona Virus se ontwrigting in ons lewens en in die wêreld volgehou, ver verby wat verwag was. Die onlangse gebeure rondom die nuwe variant en die volgehoue ontwrigting aan internasionale logistiek dui ook daarop dat ons kan verwag dat hierdie impak vir die afsienbare toekoms sal voortduur.

Die Sitrusbedryf en baie ander bedrywe het die uitdagendste jaar in ʻn lang tyd beleef. Ten spyte hiervan staan ons bedryf steeds sterk en bly ʻn belangrike deel van die ekonomie in Suid-Afrika. Ons kan trots wees op die lewering van hoë gehalte produkte aan ons verbruikers regoor die wêreld. Hiervoor moet ons dankbaar wees en nie wag om te sien wat ander vir ons sal doen nie, maar kyk na wat ons kan doen om ons bedryf, ons gemeenskap en ons ekonomie as geheel te ondersteun.

Maniere waarop ons oral om ons betekenisvolle ondersteuning kan bied, is om ons bedryf te help vorentoe beweeg en alles in ons vermoë te doen om die verspreiding van Covid-19 te verminder. Dit beteken om hard te werk wanneer dit nodig is, om ʻn blaaskans te neem waar moontlik, om Covid-19-protokolle in alle situasies te volg en ingeënt te word. Almal moet persoonlike verantwoordelikheid neem deur ʻn bydrae te maak.

Ek wens al ons personeel, kliënte, verskaffers, verspreiders en medewerkers ʻn veilige en genotvolle feesseisoen toe en sien daarna uit om in die toekoms saam met julle te werk om die mededingendheid en volhoubaarheid van hierdie fantastiese bedryf waarin ons die voorreg het om te werk, te ondersteun.

Cheers
Rob

**Klik hier om video te kyk**





**Desember & Januarie Verjaarsdae**

Eva Adams, Noleen Baithei, Jean-Lee Bezuidenhout, Cameron Brink, Ilse-Mari Coetzee, Arno Cyster, Michael Damon, Siyabulela Diba, Anzil Dirks, Gert Fransman, Juthon Fransman, Wilfred Fransman, Winfred Fransman, Rajendran Govender (Director), Vusiwe Gxothiwe, Thandisizwe Jack, Joseph Jacobs, Alexander Kotze, Jacques Links, Christopher Maarman, Sizwe Madyo, Gretchen Mentoor, Lwandile Msuthwana, Eben Mundell, John Mzwamadoda, Hugo Nel, Diderik Nel (Director), Deidre Nesbitt, Ntombesizwe Nxakala, Deon Ockhuis, Nomvume Petela, Daniel Pietersen, Emanuel Potgieter, Andy Scholtz, Arnold Stuurman, Andile Tsewu, Peter Valentyn, Hester Van Wyk, Xolelwa Zinto

**Trotse Lede van die CGA Groep van Maatskappye**

River Bioscience | xsit x sterile insect technique